

**PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN NUWE EIENAAR TE WOODLAND HILLS****DEEL A: EIENDOM BESONDERHEDE (MOET DEUR ALMAL VOLTOOI WORD)**

Erf Nommer of Meenthuis Nommer : _____
Straatnaam / Meenthuis Kompleks Naam : _____
Straat Nommer : _____
Prokureursfirma wat Transport Hanteer : _____

DEEL B: EIENAAR SE BESONDERHEDE INDIEN EIENAAR 'N REGSPERSOON IS (MOET VOLTOOI WORD INDIEN EIENDOM DEUR REGSPERSOON SOOS VERENIGING TRUST OF BK GEKOOP WORD)

Vereniging/ Trust Naam : _____

Registrasie Nommer : _____

Taalvoorkeur: Afrikaans / Engels : _____

CK1/CM29en Resolusie wat Direkteur/Trustee/Lid Magtigingsbrief namens Trust/BK/Maatskappy moet aangeheg wees.

TRUSTEE/DIREKTEURE SE BESONDERHEDE

1. VOLLE NAME: _____

VAN: _____ **ID NO:** _____

SELNOMMER: _____

E-POS: _____

HUIDIGE WOONADRES _____

POS ADRES _____

BEROEP _____

WERK TELEFOON _____

WERKADRES _____

2. VOLLE NAME: _____

VAN: _____ ID NO: _____

SELNOMMER: _____

HUIDIGE WOONADRES: _____

POSADRES _____

BEROEP _____

WERK TEL _____

WERKADRES _____

3. VOLLE NAME: _____

VAN: _____ ID NO: _____

SELNOMMER: _____

HUIDIGE WOONADRES: _____

POSADRES _____

BEROEP _____

WERK TEL _____

WERKADRES _____

**DEEL C: EIENAAR SE BESONDERHEDE INDIEN EIENAAR 'N NATUURLIKE
PERSOON IS**

(MOET VOLTOOI WORD INDIEN EIENDOM DEUR NATUURLIKE GEKOOP WORD)

TITEL : _____

VOLLE VOORNAME : _____

VAN : _____

ID NOMMER : _____

OUDERDOM : _____

SELNO : _____

E-POS : _____

HUIDIGE WOONADRES : _____

POSADRES : _____

BEROEP : _____

WERK TELEFOON : _____

WERKADRES : _____

**DEEL C: EIENAAR SE BESONDERHEDE INDIEN EIENAAR 'N NATUURLIKE
PERSOON IS****EGGENOOT/EGGENOTE BESONDERHEDE**

TITEL : _____

VOLLE VOORNAME : _____

VAN : _____

ID NOMMER : _____

OUDERDOM : _____

SELNO : _____

E-POS : _____

HUIDIGE WOONADRES : _____

POSADRES : _____

BEROEP : _____

WERK TELEFOON : _____

WERKADRES : _____

DEEL D: DOMICILIUM

Ek, _____, die eenaar of verteenwoordiger van die eenaar van die eiendom kies hiermee as Domicilium Citandi Et Executandi vir die eenaar die volgende adres. Ek verstaan en bevestig dat betekening van alle korrespondensie by hierdie adres sal plaasvind en dat die onus op my rus om die besonderhede skriftelik per geregistreerde pos te verander indien my domicilium sou verander.

STRAAT / POS ADRES: _____

 HANDTEKENING

 DATUM

DEEL E: BEWONERS SE BESONDERHEDE (MOET VOLTOOI WORD INDIEN U 'N WONING KOOP WAT U SELF GAAN BEWOON. DETAIL WORD BENODIG OM TOEGANG TE VERLEEN TOT DIE LANDGOED.

Kinders / ander afhanklikes

NAAM: _____

VAN _____

ID _____

SELNO _____

E-POS _____

VERWANTSKAP _____

BEROEP _____

NAAM: _____
VAN _____
ID _____
SELNO _____
E-POS _____
VERWANTSKAP _____
BEROEP _____

NAAM: _____
VAN _____
ID _____
SELNO _____
E-POS _____
VERWANTSKAP _____
BEROEP _____

DEEL F: WERKNEMERS SE BESONDERHEDE (MOET VOLTOOI WORD INDIEN U 'N WONING KOOP WAT U SELF GAAN BEWOON EN INDIEN U TOEGANG VIR U HUIDIGE HUISWERKER OF TUINWERKER WIL REEL . DETAIL WORD BENODIG OM TOEGANG TE VERLEEN TOT DIE LANDGOED.)

HUISWERKER:

NAME: _____

VAN: _____

ID: _____

ADRES: _____

SEL _____

TUINWERKER

NAME: _____

VAN: _____

ID : _____

ADRES _____

SEL: _____

DIE REGISTRASIE VAN HONDE IS VERPLIGTEND EN DIE VORM IS OP AANVRAAG BY DIE KANTOOR BESKIKBAAR

(GEEN KATTE WORD TOEGELAAT)



ONTVANGSERKENNING

Hiermee bevestig ek, _____, die eenaar of wettige

verteenwoordiger van die eenaar van **Erf/Straat adres** _____
Uitbreiding 166 (Woodland Hills), distrik Bloemfontein, dat ek die volgende dokumentasie ontvang en gelees:

1. **HANDLEIDING VIR GEMEENSKAPSGEDEELNEMING – SESDE WEERGAWE**
2. **HANDLEIDING VIR ARGITEKTUUR EN BOUWERK**

Deur my handtekening hieronder bevestig ek die volgende: (Haal deur wat nie van toepassing is nie)

- Ek het al die dokumentasie hierbo deeglik bestudeer en het myself vergewis het van die inhoud daarvan;
- Ek is bewus daarvan dat ek met die registrasie van die erf 'n lid word van die Hillandale Huiseienaars **Vereniging**;
- Ek is bewus van en ag myself gebonde aan die reëls van die **Vereniging** soos uiteengesit in die Handleiding vir Gemeenskapsdeelname & die Handleiding vir Argitektuur en Bouwerk;
- Ek is bewus daarvan dat die onus op my rus om myself persoonlik te vergewis dat die woning wat ek aankoop asook die tuin en ander konstruksies voldoen aan die Reëls van die **Vereniging** en bevestig dat uitreiking van 'n klaringssertifikaat deur die **Vereniging** geensins geïnterpreteer kan word as bevestiging/vrywaring deur die **Vereniging** dat die eiendom voldoen aan sodanige reëls nie;
- Ek het myself vergewis wat van die periode oor is voordat boetes gehef word vir die oorskryding van die bou tydperk op die leë erf wat ek aankoop.

Geteken te _____ (Plek) op hierdie _____ dag van _____ 20__.

Koper/Nuwe Eenaar

Getuie



AANHANGSEL C

Ooreenkoms

Vir die Voorsiening van Water en elektrisiteit

1. DEFENISIES

“ **Lid** ” beteken (volle name, van en ID nommer van natuurlike persone/geregistreeerde naam en registrasie nommer van regs persoon), wat die koper en/of die geregistreeerde eienaar van die Eiendom is:

NAAM & VAN

.....

“ **Lid se address (Woodland Hills adres)** “

Posadres:

.....

Woon-adres:

.....

.....

“ **Eiendom** “ beteken Erf....., Uitbreiding 166, Bloemfontein;

“ **Aanvangstarief** “ beteken die tariewe wat met aanvang van die ooreenkoms van krag is.

“ **die Vereniging** “ is die Woodland Hills Huiseienaarsvereniging, ‘n Artikel 21 Maatskappy met registrasie nommer 2005/010574/08.

“ **Hoof-voorsiener** “ is die Mangaung Plaaslike Munisipaliteit.

2. AANTEKENINGE

- 2.1 Die **Vereniging** is die liggaam wat verantwoordelik is vir die beheer en bestuur van die Woodland Hills Wildlife Estate, wat geleë is in die woongebied bekend as Bloemfontein Uitbreiding 166 (hierna verwys as “ die woongebied “).
- 2.2 Die Lid het die Eiendom gekoop onderhewig aan die Reëls en Statute van die **Vereniging** en is in terme van die Statute verplig om ‘n lid te word van die **Vereniging** en ‘n lid te bly vir so lank as wat hy die eiendom besit.
- 2.3 Water en elektrisiteit vir die Woongebied word aan die **Vereniging** gelever deur die Hoofvoorsiener en die **Vereniging** herverkoop hierdie toevoere aan die eienaars van die verskillende erwe (die lede) in die Woongebied.
- 2.4 Die Lid benodig water en elektrisiteitstoever na die Eiendom en die **Vereniging** is bereid om die water en elektrisiteitstoever aan die Lid te lewer onderhewig aan die Water Voorsieningsregulasies en Elektrisiteit Voorsieningsregulasies en die voorwaardes in hierdie ooreenkoms.

3. Voorsiening van water en elektrisiteit

Die partye kom ooreen dat die **Vereniging** die water en elektrisiteit aan die Lid sal lewer onderhewig aan die die Water Voorsieningsregulasies en Elektrisiteit Voorsieningsregulasies en die voorwaardes soos in hierdie ooreenkoms uiteengesit.

4. Vorm van elektrisiteit wat voorsien word

- 4.1 Die elektrisiteit sal gelever word met ‘n wisselspanning teen ‘n nominale spanning van 230 volt met ‘n frekwensie van 50 Hertz of teen sulke ander nominale spanning soos wat dit van tyd-tot-tyd beskikbaar is van die Hoofvoorsiener.
- 4.2 Die toevoer na elke individuele erf wat “ Woon 1 “ soneer is sal ‘n drie-fase toevoer wees en die erwe wat “ Woon 2 “ en “ Woon 3 “ soneer is sal enkelfase toevoere wees.
- 4.3 Die toevoerpunt sal deur die **Vereniging** bepaal word en sal wees;
- 4.3.1 by die terminale in die **Vereniging** se meterbord waar die **Vereniging** se meteringstoerusting geïnstalleer is, op watter posisie die **Vereniging** mag besluit, by die erfrens of by ‘n punt op die eiendom waarop daar besluit is;
- of
- 4.3.2 waar die **Vereniging** ‘n verspreidingskiosk gebruik vir die huisvesting van die meters, by ‘n punt op die grens van die eiendom waar die **Vereniging** se dienskabel gelas word aan die van die Lid.
- 4.4 Die elektrisiteitsverbruik sal in kilowatt-uur gemeet word.

5. Vorm van water wat voorsien word

- 5.1 Water wat in terme van hierdie ooreenkoms gelewer word sal voldoen aan die gesondheidsvereistes van die Plaaslike Owerheid en aan die vereistes van die toepaslike wetgewing.
- 5.2 Die spesifikasie van die materiaal wat gebruik sal word om die aansluiting te maak, asook die waterpype en die meter, sal volgens die oordeel van die **Vereniging** wees, maar dit sal nie in stryd wees met enige vereistes van die Plaaslike Owerheid nie.
- 5.3 Die punt waar die water voorsien sal word is op die erf grens van die Eiendom en sal in 'n posisie wees wat aan die uitsluitlike oordeel van die **Vereniging** oorgelaat is.
- 5.4 Die waterverbruik sal in kiloliter en desimale funksies daarvan gemeet word.

6. Betalings en vooruitbetaalde meters

- 6.1 Die Vereniging sal van tyd tot tyd 'n Interne Tarief vasstel wat die koste is wat deur lede betaalbaar is vir die verbruik van water en elektrisiteit; Met dien verstande dat die **Vereniging** in sy uitsluitlike diskresie kan besluit om die kostes te wysig deur die Lede kennis te gee van sulke koste veranderinge; Met dien verstande verder dat hierdie koste nie die limiete sal oorskry wat deur die toepaslike wetgewing gestel word nie.
- 6.2 Alle water en elektrisiteit wat voorsien word in terme van hierdie ooreenkoms sal met voorafbetaalde meters of ander meters wat die **Vereniging** mag goeddunk en wat deur die **Vereniging** verskaf sal word, gemeet word en sal vooruitbetaalbaar wees deur die Lid. Die Lid sal verantwoordelik wees vir die koste van die watermeter en elektrisiteit meter en vir die vervanging van meters waar dit buite die vervaardigers waarborg periode vervang moet word.
- 6.3 Waar die **Vereniging** nie van vooruitbetaalde meters gebruik maak nie kan dit 'n deposito van die lid vereis.

7. Vereistes aan lede

- 7.1 Lede sal geregtig wees om elektrisiteit op die eiendom te gebruik tot 'n maksimum aanvraag soos van tyd-tot-tyd ooreengekom met die **Vereniging**, om toerusting wat deur die Lid aan die **Vereniging** verklaar en deur die **Vereniging** goedgekeur, of toerusting wat normaalweg in 'n residensiële eiendom gebruik word, is aan te dryf.
- 7.2 Die Lid sal nie sonder die skriftelike toestemming van die **Vereniging** elektrisiteit gebruik vir enige ander doel as dit waarvoor daar ooreengekom is hierin nie en onderneem ook om nie enige elektrisiteit wat deur die **Vereniging** voorsien word aan 'n derde party te lewer nie.

8. Apparaat wat deur lede voorsien moet word

- 8.1 Indien deur die **Vereniging** dit sou vereis, moet die Lid geskikte huisvesting en 'n meterbord soos deur die **Vereniging** goedgekeur verskaf, en in goeie toestand onderhou vir toerusting en 'n meter(s) wat deur die **Vereniging** geïnstalleer sal word.
- 8.2 Die Lid sal op eie koste alle elektriese apparaat soos deur die Vereniging goedgekeur en wat nodig is om die elektriese aansluiting te maak by die aansluitingspunt voorsien, installeer, aansluit, bedryf en in stand hou.
- 8.3 Die apparaat van die Lid, asook die bedrading van sy elektriese installasie, sal van goeie ontwerp en konstruksie wees, behoorlik installeer en onderhou word deur die Lid en moet is alle aspekte voldoen aan statutêre vereistes of ander regulasies of bywette wat van tyd-tot-tyd van toepassing is op die regulering van die gebruik van elektrisiteit. Geen uitbreiding of byvoeging tot die Lid se elektriese installasie, wat 'n verhoging in die kapasiteit van die elektriese aansluiting tot gevolg het, mag gemaak word tensy daar skriftelike kennis aan die **Vereniging** gegee is en die **Vereniging** dit goedkeur en ooreenstemming bereik is in terme van die voorwaardes vir die verhoging van die Lid se toevoer nie. Die **Vereniging** sal geregtig wees om alle verliese gely en uitgawes aangegaan as gevolg van skade gely weens die lid se versuim om hierdie bepaling van die ooreenkoms na te kom, van die Lid te verhaal .
- 8.4 Die Lid moet homself by die **Vereniging** vergewis van die aard van die beveiliging wat deur die **Vereniging** vir die toevoer voorsien word en moet dan voldoende beveiliging voorsien vir die beveiliging van sy eie toerusting.
- 8.5 Die Lid aanvaar dat dit nie vir die **Vereniging** prakties moontlik is om beveiligingstoerusting in sy stelsel te installeer wat in alle gevalle sal verseker dat motors en/of ander toerusting aan die Lid se kant onder alle toestande beveilig sal wees in die geval van lae spanning of fase-verlies, en daarom aanvaar die Lid dat dit sy eie verantwoordelikheid is om voldoende voorsorg te tref om sy motors en/of ander toerusting te beveilig teen skade wat mag voortspruit uit toestande van lae spanning en/of fase-verlies.
- 8.6 Die Lid aanvaar verder dat enige beplande en onbeplande onderbreking van die toevoer skade aan die Lid se installasie of toerusting kan veroorsaak en daarom aanvaar die Lid dat dit sy eie verantwoordelikheid is om die nodige voorsorg te tref teen sulke skade aan sy installasie en toerusting.
- 8.7 Indien 'n Lid beskik oor of sou besluit om sy eie bystandsopwekker te installeer vir gebruik tydens sulke onderbrekings moet die toerusting wat gebruik word vir die koppeling/aansluiting aan die elektriese installasie deur die **Vereniging** goedgekeur wees. Hierdie bystandsapparaat mag slegs tydens sulke onderbrekings bedryf word en verder is die gebruik en bedryf daarvan deur die Lid die eie en alleenverantwoordelikheid en risiko van die Lid onder sulke voorwaardes en terme as wat die **Vereniging** mag bepaal.

9. Toegang tot verbruikers se persele

Die **Vereniging** se gemagtigde verteenwoordiger sal te alle redelike tye vrye toegang kry tot die Lid se perseel vir inspeksie van die Lid se elektriese installasie, toets en lees van die meters en die instandhouding, herwinning en verwydering van die **Vereniging** se toerusting wat op die Lid se perseel installeer is.

10. Aanvang van die voorsiening

- 10.1 Die voorsiening van water, onderworpe daaraan dat die Lid voldoen aan die **Vereniging** se vereistes vir die voorsiening daarvan, sal deur die **Vereniging** beskikbaar gemaak word, op 'n datum wat deur die **Vereniging** aan die Lid gegee sal word, of so spoedig daarna as wat prakties moontlik is met die voorbehoud dat die **Vereniging** nie verplig is om enige water te voorsien binne 30 (dertig) dae nadat die Lid skriftelik daarvoor aansoek gedoen het nie.
- 10.2 Die voorsiening van elektrisiteit, onderworpe daaraan dat die Lid voldoen aan die **Vereniging** se vereistes vir die voorsiening daarvan, sal deur die **Vereniging** beskikbaar gemaak word, op 'n datum wat deur die **Vereniging** aan die Lid gegee sal word, of so spoedig daarna as wat prakties moontlik is met die voorbehoud dat die **Vereniging** nie verplig is om enige water te voorsien binne 30 (dertig) dae nadat die Lid skriftelik daarvoor aansoek gedoen het nie.
- 10.3 Vereistes vir die voorsiening van water of elektrisiteit of die voortgesette voorsiening daarvan mag insluit 'n vereiste dat alle heffings of ander betalings verskuldig aan die Vereniging ten volle opbetaald is of enige ander vereiste wat die Vereniging van tyd tot tyd mag stel.

11. Kennisgewings

- 11.1 Kennisgewings wat in terme van hierdie ooreenkoms aan die Lid gepos is sal beskou as ontvang wees deur die Lid op die sewende dag na die datum wat dit gepos is. Die lid stem toe dat kennisgewing per elektroniese pos (e-pos) gestuur kan word waar die lid wel oor 'n e-pos adres beskik en dit aan die Vereniging beskikbaar gestel het.
- 11.2 Kennisgewings aan die **Vereniging** moet ge-adresseer word aan;

Die Hoof-Uitvoerende Beampte
Woodland Hills Wildlife Estate
Posbus 43327
Heuwelsig
9332

of na sulke ander plekke as wat die **Vereniging** van tyd-tot-tyd mag aandui.
Indien dit per pos gestuur word sal dit as afgelewer beskou word op die sewende dag na dit gepos is.

- 11.3 Die Lid verkies sy *domicilia citandi et executandi* vir alle doeleindes van hierdie ooreenkoms by die adres van die perseel waar die water en elektrisiteit voorsien word, alternatiewelik by die adres wat vir die doeleindes aan die Vereniging verskaf is. Die **Vereniging** sal geregtig wees om enige van die voorgenoemde adresse te gebruik vir doeleindes van prosedering in terme van hierdie ooreenkoms.

12. Toets van meters

- 12.1 Die **Vereniging** sal slegs op die skriftelike versoek van die Lid en na betaling van die toepaslike toets-fooi deur die Lid, 'n meter of meters toets. Indien die toetsresultaat bewys dat die meter nie meer as 2,5 % (twee komma vyf persent), hoog of laag, gemiddeld-onakkuraat is nie, sal die meter as reg beskou word. Indien toetsresultaat toon dat die meter meer as 2,5 % gemiddeld-onakkuraat is, sal dit aanvaar word dat dit so is vanaf die datum wat die fout redelikerwys uitgewys kan word en die aangetekende verbruik van die Lid sal dienoooreenkomstig aangesuiwer word. Die Lid sal die nodige terugbetaling daarvoor ontvang en die toetsfooi sal aan die Lid terugbetaal word.
- 12.2 Indien die toetsresultaat toon dat die gemiddelde-onakkuraatheid minder as 2,5 % (twee komma vyf persent) is, sal die toetsfooi wat deur die lid betaal was aan die **Vereniging** verbeur word.
- 12.3 Die **Vereniging** het die reg om enige meter te enige tyd te toets en indien die toetsresultate toon dat die meter meer as 2,5 % (twee komma vyf persent), hoog of laag, gemiddeld onakkuraat is, sal dit aanvaar word dat dit so is vanaf die datum wat die fout redelikerwys uitgewys kan word en die aangetekende verbruik van die Lid sal dienoooreenkomstig aangesuiwer word.

13. Balanseer van fases en steurings van ander toevoere

- 13.1 Waar 'n Lid van 'n drie-fase-toevoer voorsien word sal hy die elektriese las te alle tye oor al drie fases balanseer tot redelike goedkeuring van die **Vereniging**.
- 13.2 Die Lid sal die elektriese toevoer te alle tye so gebruik dat dit nie steurings sal veroorsaak aan die effektiewe en kommersiële toevoer aan ander verbruikers nie en sal te alle tye verseker dat die spannings versteuring, wat deur die lid se las veroorsaak word, nie die waardes oorskry wat van tyd-tot-tyd deur die **Vereniging** vasgestel word nie.

14. Kontinuïteit, vermindering en wisseling van toevoer

- 14.1 Die **Vereniging** sal alle redelike voorsorg tref om 'n geskikte aanleg te verkry en te onderhou vir die verspreiding van water en elektrisiteit wat bereken is om die Lede van 'n konstante toevoer van water en elektrisiteit te voorsien en sal, waar nodig, die nodige tegniese vaardighede verkry om die aanleg te beheer, maar die **Vereniging** waarborg nie dat dit volgehou sal word nie en die **Vereniging** sal nie aanspreeklik gehou kan word vir enige skade, uitgawes of koste gelyk deur Lede vir enige faling of

onderbreking in die toevoer van water of elektrisiteit of enige verandering in spanning, verandering in frekwensie of enige faling om 'n gebalanseerde drie-fase-toevoer te voorsien nie.

- 14.2 Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van die voorgaande klousule 14.1 of vir welke rede ook al die **Vereniging** aanspreeklik gehou kan word vir skade gely deur die Lid as gevolg van 'n vermindering in vraag of enige onderbreking in die toevoer, of enige verandering in die spanning of frekwensie of enige faling om water of elektrisiteit te voorsien, sal sulke aanspreeklikheid beperk word tot slegs die direkte koste.
- 14.3 Vir doeleindes vir die effektiewe bedryf en uitbreiding van die **Vereniging** se verspreidingsstelsel of wanneer die **Vereniging** 'n voorsienings-tekort van die Hoofvoorsiener ondervind het die **Vereniging** die reg om die toevoer aan die Lid te onderbreek.

15 Ontkoppeling van toevoere, regsdinge en koste

- 15.1 Die **Vereniging** sal op versoek van die Lid die toevoer tydelik ontkoppel.
- 15.2 Indien die Lid faal om ten volle aan alle bepalings van hierdie voorwaardes te voldoen sal die **Vereniging** geregtig wees om kennis aan die Lid te gee om die afwyking reg te stel en indien die Lid nie die regstelling binne 14 (veertien) dae na ontvangs van die kennisgewing maak nie, kan die **Vereniging**, sonder benadeling van sy regte om alle betalings verskuldig deur die Lid te verhaal en skadevergoeding te eis, die toevoere staak en hierdie ooreenkoms termineer.
- 15.3 Die **Vereniging** mag die elektriese toevoer onmiddellik staak vir enige rede vermeld in die Regulasies of indien die Lid toegelaat het dat die huisvesting vir die **Vereniging** se toerusting of enige deel van die elektriese installasie foutief geraak het en volgens die oordeel van die **Vereniging** 'n bedreiging inhou vir die veiligheid van mens en eiendom. Die **Vereniging** sal die Lid skriftelik in kennis stel van die onderbreking en sal die toevoer herstel, nadat die rede/s vir die onderbreking herstel is.
- 15.4 Die Lid kom by ondertekening van hierdie dokument ooreen tot die jurisdiksie van die Magistraatshof in verband met enige aksies of vervolgings deur die **Vereniging** teen hom ingestel mag word in terme van hierdie ooreenkoms. Nieteenstaande die vorige bepaling sal die **Vereniging** geregtig wees om vervolging in te stel in die Hooggeregshof waar sulke vervolging buite die jurisdiksie van die Magistraatshof val.
- 15.5 Indien die Lid homself skuldig maak aan die verbreking van enige bepaling van hierdie ooreenkoms en die **Vereniging** hom wend tot regsaksie sal die Lid aanspreeklik wees vir alle koste en uitgawes wat die **Vereniging** aangaan as gevolg van hierdie vervolging, insluitende prokureurs- en eie kliënt koste, asook afhaal- en opsporings-koste.

16. Duur van hierdie ooreenkoms

Die elektrisiteit voorsieningsooreenkoms sal van krag word op die datum van ondertekening en sal beëindig word in ooreenstemming met die bepalings soos daarin vervat.

17. Beëindiging van hierdie ooreenkoms

Die Lid sal nie sy regte en aanspreeklikheid te opsigte van hierdie ooreenkoms oordra of afstaan sonder die skriftelike instemming van die **Vereniging** nie, welke instemming nie onredelik weerhou sal word nie.

AANVAAR EN GETEKEN VIR DIE KOPER/LID TE.....

..... HIERDIE.....DAG VAN.....201...

IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN ONDERGETEKENDE GETUIES

AS GETUIES;

1.....

2.....

.....
KOPER/LID

.....
Naam in drukskrif



WOODLAND HILLS WILDLIFE ESTATE - INDEMNITY AND WAIVER AGREEMENT

1. Introduction

- 1.1 The Woodland Hills Homeowners Association / Hillandale Homeowners Association (NPC) is hereinafter referred to as "HOA".
- 1.2 The undersigned member of the HOA, on his/her own behalf and on the behalf of all other residents or occupants of his/her/its property, all employees employed on or visiting the property and all other visitors to the property as well as minor children in his/her/their care, hereby agree as follows:

2. Indemnity and Waiver

- 2.1 The **Member** agrees and accepts that he/she:
 - 2.1.1 is purchasing property on a Wildlife Estate;
 - 2.1.2 is entering and will reside on the **Estate** at his/her own risk, and that he/she will have no claim against the HOA as a result of any occurrence from whatsoever nature arising from his/her residence on or visit to the **Estate**.
 - 2.1.3 is aware of wild animals roaming freely on the **Estate**;
 - 2.1.4 is aware that there are numerous unfenced water holes and dams on the **Estate** which pose an inherent danger of possible drowning and injury;
 - 2.1.5 agrees that fencing of wildlife or water holes or dams is not practical and will change the character of the **Estate** and that the onus is on **Members** to ensure residents and visitors are aware of and act in accordance with such dangers;
 - 2.1.6 is obliged to exercise his/her own independent judgment in familiarising himself/herself with the nature of risks of free roaming wild animals and or unfenced water holes and dams and take precautions to protect minor children as well as any other occupant, resident, visitor or employee against such risks;
 - 2.1.7 hereby waives all claims of any nature whatsoever which he/she or any other residents or occupant of his **Property** or visitor to the **Property** or employee at his **Property** may have, or which may arise from such residence or occupation or visit to the **Estate**, against the HOA, it's employees, agents and/or representatives, arising from the death of, or injury to such person, the damage to or theft of any property, occasioned during their stay on the **Estate**, notwithstanding that such death or injury or loss or damages has been occasioned by any lack of care or skill or negligence or other omission on the part of the HOA, it's employees, agents or representatives;
 - 2.1.8 hereby indemnifies and holds harmless HOA, it's employees, agents and/or representatives against all loss, or damage arising from any claim which may be brought against any one of them by any of the **Member's** dependants and/or family members and/or any minor children (under the care and supervision of the undersigned and on whose behalf the undersigned have signed this agreement), visitors or employees in respect of any death, injury, loss or damage referred to in clause 2.1.7;
 - 2.1.9 has fully acquainted himself/herself with the terms and conditions of this agreement and understands and accepts this indemnity and waiver agreement.

MEMBER SIGNATURE

FULL NAME & SURNAME OF MEMBER

DATE

WOODLAND HILLS

Elektrisiteit Verbruikersooreenkoms



Ek, die ondergetekende, doen aansoek vir die aansluiting van Elektrisiteit ooreenkomstig die Finansiële Regulasies, Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies en tarief skedules van die Hillandale Huiseienaars Vereniging wat op aanvraag by die administratiewe kantoor beskikbaar is (admin@woodlandhills.co.za)

Indien my aansoek goedgekeur word onderneem ek om vir die duur van die ooreenkoms my neer te lê by die bepalinge van die betrokke regulasies. Ek verstaan dat voorsiening van Elektrisiteit gestaak sal word indien heffingsbetalings of ander gelde verskuldig aan die Vereniging nie ten volle opbetaald is nie.

Eienaar Besonderhede:

Titel: _____

Voorletters: _____

Volle Name _____

Van _____

ID Nommer _____

Selnommer _____

Werk Telefoon _____

Faks Nommer _____

E-pos Adres _____

Woodland Hills Eiendom Besonderhede:

Erf Nommer: _____ of;

Kompleks Naam & Eenheid Nommer _____

Straat Adres _____

Pos Adres _____

EIENAAR HANDTEKENING

DATUM

WOODLAND HILLS

Water Verbruikersooreenkoms



Ek, die ondergetekende, doen aansoek vir die aansluiting van Water ooreenkomstig die finansiële, Watervoorsieningsregulasies en tarief skedules van Woodland Hills Wildlife Estate Pty Ltd.

Indien my aansoek goedgekeur word onderneem ek om vir die duur van die ooreenkoms my neer te lê by die bepalings van die betrokke regulasies.

Ek verstaan dat die voorsiening van water gestaak sal word indien heffings of ander betalings verskuldig aan die Vereniging uitstaande is.

Eienaar Besonderhede:

Titel: _____

Voorletters: _____

Volle Name _____

Van _____

ID Nommer _____

Selnommer _____

Werk Telefoon _____

Faks Nommer _____

E-pos Adres _____

Woodland Hills Eiendom Besonderhede:

Erf Nommer: _____ of;

Kompleks Naam & Eenheid Nommer _____

Straat Adres _____

Pos Adres _____

EIENAAR HANDTEKENING

DATUM